# *Identiteitsverklaring*

**Iets het met ons gebeur...**
**Ons is geliefde kinders in wie Christus woon**
**Ons is anders en uniek**
**Ons het 'n ander Storie**
**Ons lees 'n ander Boek**
**Ons het ander waardes.**
**Want ons is dissippels van Jesus die Here!**
**Ons leer om eerstehands, saam met Hom te lewe.**
**Ons oefen Jesus se woorde in:**
**Ons leer om ons vyande lief te hê en ons bid vir hulle.**
**Ons ja is ons ja en ons nee is ons nee.**
**Ons leer om onsself en ander te vergewe.**
**Ons veroordeel nie mense nie, maar gee vir alle mense om.**
**Ons doen en sê alles in die Naam van Jesus.**
**Ons gaan eerlik om met ons eie pyn en gebrokenheid.**
**Ons leef as sout en lig in die wêreld,**
**want ons toekoms het reeds begin!**

# MATTHEW 11: 28 – 30 –

# THE MESSAGE

28 "Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get
away with me and you'll recover your life. I'll show you how to take a
real rest.
29 Walk with me and work with me - watch how I do it. Learn the
unforced rhythms of grace. I won't lay anything heavy or ill-fitting on
you.
30 Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly."

# *GEBED*

**Ek bid o Vader dat U Uself so in Jesus en deur die Gees aan my sal openbaar dat ek U werklik sal ken - eerstehands sal ken.**

**Mag ek U liefde vir my in Christus leer ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan en mag my lewe met U liefdevolle teenwoordigheid oorspoel word, sodat elke stukkie van my lewe deur U liefde gevorm en omvorm sal word - sodat Christus al hoe meer in my gestalte mag kry,**

**Amen**